



Vak: Graad 8 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 109 Punte

1. Ek tel die pen op.

3 punte

Verduideliking:

Skeibare werkwoorde word in die verlede tyd as een woord geskryf, maar in die teenwoordige tyd as twee woorde.

Ek het die pen **opgetel**. Opgetel is 'n skeibare werkwoord, geskryf as een woord in die **verlede tyd**.

Ek **tel** die pen **op**. Tel ... op vorm twee werkwoorde in die **teenwoordige tyd**.

2. Hoe fiks is jy? | "Hoe fiks is jy?"

3 punte

Verduideliking:

Die enigste vraagteken op die voorblad is: "Hoe fiks is jy?"

Dit **vra** die leser hoe fiks hy of sy is.

3. D: rykste

4 punte

Verduideliking:

Die oortreffende trap ("superlative degree") word meestal gevorm deur die agtervoegsel, **-ste**, by die basiswoord of stellende trap te voeg.

Die oortreffende trap van ryk is **rykste**.

4. waar

2 punte

Verduideliking:

Ma se direkte woorde word in aanhalingstekens gesit, dus is hierdie sin in die direkte rede.

5. C: Nee, ek het nog nooit haar hond gesien nie.

4 punte

Verduideliking:

Beantwoord die vraag op 'n ontkennde wyse deur met die woord, **Nee**, te begin.

Die voornaamwoord **jy** verander na **ek**.

Die ontkennde vorm van **ooit** ("ever") is **nog nooit ... nie** ("never").

• Het jy al ooit haar hond gesien?

• **Nee, ek** het **nog nooit** haar hond gesien **nie**.



6. A: Ek het die vakansie Kaapstad toe getrek.

4 punte

Verduideliking:

Die **woordorde** van 'n sin in die **verlede tyd** ("past tense") soos bepaal met behulp van STOMPI:

- Ek het die vakansie Kaapstad toe getrek.

Ek - Onderwerp (**S**ubject)
het - werkwoord 1 (v1)
die vakansie - Tyd (**T**ime)
Kaapstad toe - Plek (**P**lace)
getrek - werkwoord 2 (v2)

7. Het niemand al van hom gehoor nie? | Het niemand nog van hom gehoor nie?

3 punte

Verduideliking:

In die ontkennende vorm verander **iemand** na twee woorde: **niemand nie**.

Het **niemand** al van hom gehoor **nie**?

of

Het **niemand** nog van hom gehoor **nie**?

8. waar

2 punte

Verduideliking:

Die sin bevat die woorde "het" en "**gebots**" (crashed), wat vir jou wys dat dit in die verlede tyd is.

9. Saans | eet ek | vroeg | my aandete

8 punte

Verduideliking:

Wanneer 'n sin met 'n bywoord van tyd (saans) begin, moet die werkwoord (eet) en dan die onderwerp (ek) en die res van die sin volg.

Saans **eet ek** vroeg my aandete.

10. Kim vra vir Marie of sy vir haar 'n bad sal tap. | sy vir haar 'n bad sal tap.

3 punte

Verduideliking:

Antwoord: Kim vra vir Marie of sy vir haar 'n bad sal tap.

Wanneer jy 'n vraag oorskryf in die indirekte rede, gebruik jy "of" om die vraag aan te dui.

Die woord "sy" is 'n voornaamwoord vir Marie en die woord "haar" is 'n voornaamwoord vir "my" (Kim).



11. endorfiene | hormone | oefening | goed

8 punte

Verduideliking:

Endorfiene is hormone wat deur sjokolade en oefening vrygestel word en jou goed laat voel.

12. Bepaalde | Onbepaalde

4 punte

Verduideliking:

Bepaalde hooftelwoorde sê presies hoeveel daar is, byvoorbeeld een, dertig of honderd. terwyl **onbepaalde** hooftelwoorde nie die presiese getal aandui nie, byvoorbeeld: Daar is min kinders.

13. Bevelsin | Stelsin

4 punte

Verduideliking:

Die eerste sin is 'n **bevelsin**, want die persoon word 'n bevel gegee.

Die tweede sin is 'n **stelsin**, want daar word net 'n stelling gemaak.

14. Die natuur sal ons hulp nodig hê. | Die natuur gaan ons hulp nodig hê. | Die natuur sal ons hulp nodig he. | Die natuur gaan ons hulp nodig he.

3 punte

Verduideliking:

In die toekomstige tyd verander "het" na "hê" en dit skuif na die einde van die sin.

"Sal" of "gaan" staan op die plek waar "het" gestaan het aan die begin van die sin.

15. Nee, pa en ma wil nie gaan nie. | Nee, hulle wil nie gaan nie. | Nee, ma en pa wil nie gaan nie.

3 punte

Verduideliking:

Die dubbele nie word gewoonlik ("usually") in Afrikaans gebruik om 'n sin in die ontkennde vorm te skryf, byvoorbeeld:

- Wil pa en ma gaan?
 - **Nee, pa en ma wil nie gaan nie.**
-

16. Hy het die ligte aangeskakel.

3 punte

Verduideliking:

Skeibare werkwoorde word in die **teenwoordige tyd** in **twee** dele ("parts") geskryf: **skakel ... aan**.

In die **verlede tyd** word skeibare werkwoorde as **een** woord geskryf: **aangeskakel**.

- **Teenwoordige tyd** ("present tense"): Hy **skakel** die ligte **aan**.
 - **Verlede tyd** ("past tense"): Hy het die ligte **aangeskakel**.
-



17. assonansie

3 punte

Verduideliking:

Assonansie is die herhaling van vokaal-klanke in opeenvolgende woorde, soos "gespeel, heeldag".

18. Louis Fourie | vier

4 punte

Verduideliking:

Die gedig is geskryf deur Louis Fourie. Daar is vier strofes in die gedig, wat die paragrawe in die gedig is.

19. B: Dubbelpunt en aanhalingstekens.

4 punte

Verduideliking:

Die leestekens word gebruik wanneer iemand se woorde in die direkte rede geskryf word, is **dubbelpunt** en **aanhalingstekens**, byvoorbeeld:

- Die meneer beveel: "Sit stil!"
-

20. 'n Skool visse | skool | skool visse

3 punte

Verduideliking:

'n **Versamelnaam** ("collective noun") dui 'n groep van dieselfde soort aan en word altyd saam met 'n stofnaam of 'n soortnaam ("common noun") gebruik, byvoorbeeld:

- 'n **skool** visse
 - 'n **bundel** gedigte
 - 'n **kolonie** pikkewyne
-

21. waar

2 punte

Verduideliking:

Sekere woorde **verander** in die ontkennde vorm:

- Hy eet **altyd** sy kos.
 - Hy eet **nooit** sy kos **nie**.
-

22. niemand nie | nêrens nie

4 punte

Verduideliking:

Sekere woorde verander ("change") wanneer 'n sin in die negatiewe vorm geskryf word, byvoorbeeld: almal verander na **niemand nie** en êrens verander na **nêrens nie**.



Verduideliking:

'n **Deelteken** word gebruik om aan te dui dat klinkers wat **langs** mekaar staan en as een **lettergreep** uitgespreek kan word, nie noodwendig so uitgespreek moet word nie, byvoorbeeld:

- geëet
- beïnvloed
- hoër.

Verduideliking:

'n **Uitroepteken** ("exclamation mark") word gebruik aan die einde van 'n **uitroep**, soos:

- Ai!
- Eina!

Verduideliking:

Sinne wat uit **net** uit 'n onderwerp ("subject") en 'n werkwoord ("verb") bestaan, kry slegs een **nie** aan die einde van die sin, byvoorbeeld:

Hy speel.

Ontkennende sin: **Hy speel nie.**

Verduideliking:

Die intensiewe vorm vir die byvoeglike naamwoord ("adjective"), oud, is **stokoud**.

Ander intensiewe vorme vir die woord, oud, wat nie hier genoem was nie, is:

- horingoud
- stokhoringoud
- oeroud.

27. B: hy ; sy

4 punte

Verduideliking:

Alexander is 'n seun, so ons gebruik "hy" om na hom te verwys in die indirekte rede.

Dit is "sy" kaartjie. Die woord "sy" word gebruik om te wys dat die kaartjie aan Alexander behoort.

28. C: daar eer betoon word aan iemand wat dood is

4 punte

Verduideliking:

Die sonbesies hou 'n minuut van stilte om eer te betoon (to show respect) aan die laaste renoster wat doodgeskiet is.

29. waar

2 punte

Verduideliking:

Bepaalde rangtelwoorde dui 'n spesifieke posisie aan, byvoorbeeld eerste of honderdste.

Onbepaalde rangtelwoorde dui 'n onbepaalde posisie aan, byvoorbeeld: minste of meeste.

30. A: Abstrakte selfstandige naamwoorde

4 punte

Verduideliking:

Abstrakte selfstandige naamwoorde ("abstract nouns") verwys na dinge waaraan mens nie kan vat nie en verwys meestal na emotiewe (gevoelens) woorde en emosies.

Totaal: 109 Punte

